

DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SUID AFRIKA

# NUUSFLITS

31 JANUARIE 2025

## AGS Kollega,

### 1. NOB BEMAGTIGINGS BESOEKE 2025 – UITNODIGING

Ons sien uit daarna om tydens die 2025 NOB-bemagtiging besoeke tyd in bediening deur te bring saam met ons Pastore, Gemeenteleiers, Kerkrade, Departemente en lidmate. Die tema is: “Sustaining the Fire”.

"Sustaining the Fire" beteken om passievol en toegewyd te bly aan die teenwoordigheid en werk van die Heilige Gees in ons lewens. Net soos 'n vuur ‘n bron van energie nodig het om aan die gang te bly, so moet ons ook ons geestelike lewens voortdurend voed met gebed, aanbidding, die lees van die Woord en gehoorsaamheid aan God. Die Heilige Gees se “vuur” verteenwoordig Sy krag, leiding en teenwoordigheid, wat ons geestelik lewend, sterk en doeltreffend hou. Wanneer ons hierdie “vuur” aan die brand hou, bly ons verbind aan God, gevul met energie vir Sy doel en gereed om die wêreld met Sy liefde en waarheid te beïnvloed. “*Never let the fire in your heart go out. Keep it alive. Serve the Lord.*” Romans 12:11 (NIRV)




## HULPBRONNE

**AGS van SA Kalender 2025 (*Opgedateer: AGS Welsyn & NCM Datums*):**
https://afm-ags.org/2025-afm-of-sa-calendar/

**Week van Vas & Gebed 2025 – Soek God se Teenwoordigheid:**
https://youtube.com/playlist?list=PLMguBPJZpLHY4YZPjSqCqsf9Hu3R1Y8Ld&si=CuoQvia7kbjnQv8d

Skakel in by ons:

Tydens die 2025 NOB-streeksbesoeke sal die volgende onderwerpe aangespreek word: Goddelike Genesing, Kerkgroei, Evangelisasie en Missionale aksie vir Impak op die volgende Generasie.

Daar sal ook 'n sessie spesifiek vir Pastore en hul gades wees. Dit sal fokus op die **balansering van bediening** en die alledaagse lewe. Maak asseblief seker dat jou skedule so beplan word dat jy deel sal wees van hierdie interaksie.




Neem asseblief kennis dat die datums en lokale vir die 2025 NOB Bemagtigingsbesoeke bevestig is:

| | | |
|---|---|---|
| **FEB 7-8** | **Cape Town** | AFM Friend of God (Goodwood) |
| **FEB 7-8** | **Free State** | Doxa Deo Fichardpark (Bloemfontein South) |
| **FEB 14-15** | **Kwazulu Natal** | Kingsway Ministries Amanzimtoti (Durban) |
| **FEB 14-15** | **East London** | AGS Gees en Lewe Gemeente |
| **FEB / MARCH 28-1** | **Limpopo** | Taberna Dei Ooskampus (Polokwane) |
| **FEB / MARCH 28-1** | **Mpumalanga** | Lighuis Gemeente Middelburg |
| **APRIL 11-12** | **Gauteng** | Doxa Deo Raslouw (Centurion) |
| **APRIL 11-12** | **North West** | Oase Gemeente (Klerksdorp) |
| **MAY 9-10** | **Northern Cape** | AGS Lofoord Upington |
| **MAY 9-10** | **Eastern Cape** | Lighuis Christelike Sentrum Despatch |



Die program vir Vrydag en Saterdag is ook beskikbaar op ons webwerf:
https://afm-ags.org/category/events/

Ons sien daarna uit om julle daar te ontvang!
Vriendelike Groete!
Henri Weideman




**DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SUID-AFRIKA**

**Nasionale Kantoor**
Gebou nr. 14, Central Office Park, Jean Laan 257, Centurion, Gauteng, Suid-Afrika
Posbus 9450, Centurion, 0046
Tel: +27 12 644 0490 | Fax: +27 12 644 0732/4
www.afm-ags.org

**Skakel in by ons:** YouTube